

**5 Maart**

**Skrifgedeelte: Numeri 32**

### **Eendrag is mag**

Die twaalf stamme van Israel was een groot gesin. Daarom moet hulle ook soos 'n groot gesin optree. In hul vashou aan mekaar sou hul eenheid en liefde vir mekaar blyk. Vir die Here sou dit moontlik wees om met een van sy diensknegte, iemand soos Simson, die hele land Kanaän te verower. Tog wil Hy dat sy volk saamstaan en saamveg, sodat eenheid en liefde uitstraal. Ook hierin moes Israel anders as die nasies om hulle wees.

In die gedeelte wat ons gelees het is dit nie duidelik wat Ruben en Gad se plan presies was nie. Wat wel duidelik is, is dat hulle heeltemal gelukkig sou wees om die Oos-Jordaan as erfdeel te ontvang. Ons leer hier ook weer dat ons versoeke tot God kan en mag rig, en dat Hy ons wil verhoor as dit Hom welgevallig is.

Die opdrag wat Moses aan Ruben en Gad gee is om hul broeders getrou te bly en tot die einde toe saam te veg. Dit is ook pragtig dat Ruben en Gad nie alleen gewillig is om dit te doen nie, maar selfs op die voorpunt aanval.

As individu of gesin binne ons groot gesin, die gemeente, moet ons mekaar ook liefhê, bystaan en help veg teen versoekinge en die bese. So sal ons mekaar bemoedig en in die krag van die Here saam oorwin totdat ons voet in die ewige Sion staan.

*Sing: Psalm 133:1,2*

*Dr NP Heystek (Wapadrant)*